

# Die Christelike Vrou

Leéf die liefde



Amptelike mondstuk van die NHSV



April 2022

## Om te trek of nie te trek nie

**Daar is mense wat gedurig aan die trek is: Hulle bly nou hier en volgende jaar (of selfs volgende maand!) weer op 'n ander plek. Hulle het rooimiere – sou my ouma en my pa sê.**

Aan die ander kant kry jy ook diegene (en ek ken heelwat van hulle) wat hul hele lewe lank op een plek bly – in dieselfde huis van geboorte tot afsterwe.

Vroeër jare het predikante nie so lank in 'n gemeente gebly soos dit vandag die geval is nie. Twee of drie jaar was soms al geleentheid wat hy (daardie tyd nog nie "sy" nie!) gehad het om 'n verskil in sy gemeente te maak. Dan beroep 'n ander gemeente hom weer. Daar was minder predikante as gemeentes, en predikante moes maar so rondtrek.

Natuurlik het dit 'n invloed op die hele gesin gehad. Soms was dit positief en soms seker maar ook negatief. As jou ingesteldheid van 'n avontuurlike soort was, was die baie rondtrek meestal positief. As jy egter van die soort was wat nie juis hou van verandering nie, was dit maar moeilik, want elke nou en dan moet jy nuwe maats maak en 'n nuwe skool en dorp leer ken.

Vir my was die trekkery nie regtig 'n probleem nie – altans, ek kan nie onthou dat dit op daardie tydstip vir my probleme veroorsaak het nie. Wat ek wel onthou en deur die jare beleef het, was dat ek altyd uitgesien het daarna om eendag "rustig" te raak en my vir oulaas te vestig op 'n plek waar ek ook later wil aftree.

DV (*Deo Volente* / As die Here wil) is ek nou daar. Nog nie by aftrede nie, maar op die plek waar ek beplan om aan te bly wanneer ek oor nege jaar moet aftree. As alles verder goed verloop, behoort ons teen die einde van die jaar in ons eie, nuutgeboude aftreehuisie Kersfees te vier.

Ek geniet my dorp en sy mense. Ek geniet die rustigheid en prag van die omgewing. Ek geniet die feit dat ek gereeld nuwe mense uit die omgewing ontmoet. Vir sommige mense is dit vervelig, maar ek geniet dit om dieselfde mense by elke funksie en geleentheid in die dorp en omgewing te sien. Dis lekker om vir oom Gert te waai as hy met sy plaasbakkie verby jou ry, en as jou buurvrou af in die straat se tuinman jou op die naam ken. As jy vir die bouer op die ander punt van die dorp (met ander woorde, vier strate verder) sê *Ons erf is daai een waar ons al klaar die granaatboompies geplant het op die leë erf* en hy sê *Ja, ek ken daai erf*, voel dit vir my ek behoort.

Dit is goed om nuwe dinge, plekke en mense te beleef, want só leer en groei 'n mens. Dis egter net so goed en lekker om die ou en bekende daaglik te ervaar, want dit bring rustigheid.

Hannelie





*Lydenstyd en Lent*



# Lydenstyd en Lent

Ds Janine Bevolo-Manders

**Lydenstyd – of Lent, soos die Rooms-Katolieke Kerk, Oorsterse godsdienste en sommige Protestantse kerke dit noem – is die Christelike seisoen van voorbereiding voor Paasfees.**

Die Lent-seisoen is so genoem deur die Engelse wat die woord oorgeneem het van die Germaanse woord *Lent* wat beteken “om langer te maak”. Die winterseisoen is besig om plek te maak vir die lenteseisoen, en die dae wat rek – ontwaking in die nuwe seisoen vanuit die winter.

Dit is vir baie Christene ‘n tydperk van vas, berou, selfverloëning en geestelike dissipline, tyd vir refleksie oor Jesus Christus – sy lyding en sy offer, sy lewe, dood, begrafnis en opstanding. Gedurende die ses weke van selfondersoek en besinning, maak Christene wat Lent beoefen, gewoonlik ‘n verbintenis om iets op te gee – ‘n gewoonte soos rook, televisie kyk of vloek, of ‘n kossoort of drank, byvoorbeeld lekkergoed, sjokolade of koffie.

Sommige Christene neem ook ‘n Lent-dissipline aan, soos om die Bybel te lees en meer tyd in gebed deur te bring om nader aan God te kom.

Nie alle Christelike kerke onderhou die gebruike van Lent nie. Dit word meestal deur die Lutherse, Metodiste-, Presbiteriaanse en Anglikaanse denominasies beoefen, en ook deur die Rooms-Katolieke Kerk.

Die betekenis van die 40-dae-periode van Lent is gebaseer op twee episodes van geestelike toetsing in die Bybel: die 40 jaar wat die Israeliete in die woestyn geswerf het, en die versoeking van Jesus nadat Hy 40 dae lank in die woestyn gevas het.

In die Westerse Christendom is Aswoensdag die eerste dag, of die begin, van die Lent-seisoen of Lydenstyd, wat 40 dae voor Paasfees begin (tegnies 46, aangesien Sondae nie in die telling ingesluit is nie). Die presiese datum verander elke jaar.

## Aswoensdag

Die naam *Aswoensdag* hou verband met die gebruik in baie kerke om ‘n kruis van as en olyfolie op die voorkoppe van die erediensgangers te maak, as ‘n herinnering aan die mens se sterflikheid. Dit herinner ons ook aan ons sonde teen God en ander. Dit dien as boetedoening, maar ook as bewys van salwing vir diensbaarheid.

Die as is afkomstig van die vorige jaar se palmtakke wat op Palmsondag gebring is en dan daarna verbrand word. Dit is die teken van sterflikheid en sondebelydenis.

Die Bybel noem die gewoonte van Lent, en verwysings na die beoefening van bekering en rou in as word gevind in 2 Samuel 13: 19, Ester 4: 1, Job 2: 8, Daniël 9: 3 en Matteus 11: 21. Die woord *Paasfees* verskyn nie in die Bybel nie en geen vroeë kerkvieringe van Christus se opstanding word in die Skrif genoem nie. Paasfees, soos Kersfees, is ‘n tradisie wat later in die kerkgeskiedenis ontwikkel is. (Bron: <https://af.eferrit.com>)

## Wat vier Christene op Palmsondag?

Palmsondag is ‘n fees ‘n week voor Paassondag. Christelike aanbidders vier die triomfantlike aankoms van Jesus Christus in Jerusalem, wat die week voor sy dood en opstanding plaasgevind het. Vir baie Christelike kerke is Palmsondag die begin van die Heilige Week, wat op Paassondag eindig.

Jesus het na Jerusalem gereis met die wete dat hierdie reis sou eindig in sy offerdood aan die kruis vir die sondes van die hele mensdom. Toe Hy Jerusalem binnegery kom op ‘n donkie, het die mense Hom entoesiasties



gegroet, palmtakke gewuif en sy pad met palmtakke bedek: *En die skare wat voor geloop en die wat gevolg het, het uitgeroep en gesê: Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Hosanna in die hoogste hemele!* (Matt 21: 9, AFR33/53).

*Hosanna* beteken "red nou", en die palmtakke het goedheid en oorwinning gesimboliseer. Die skare het Jesus entoesiasties geprys omdat hulle geglo het dat Hy Rome sou omverwerp. Hulle het hom as die beloofde Messias herken uit Sagaria 9: *Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie* (Sag 9: 9 AFR1983).

Alhoewel die mense Christus se missie nie ten volle verstaan het nie, het hulle God aanbid en vereer. Onmiddellik hierna het Jesus sy reis na die kruis begin.


### Hoe word Palmsondag gevier?

Aanbidders herdenk Jesus Christus se triomfantlike aankoms in Jerusalem. Op hierdie dag onthou Christene ook Christus se offerdood aan die kruis, prys hulle God vir die gawe van verlossing en sien hulle verwagting uit na die Here se wederkoms. Baie kerke versprei palmtakke aan die gemeente op Palmsondag. Palmsondag wys die begin van die Heilige Week aan, wat fokus op die laaste dae van Jesus se lewe.

### Bybelse verwysings na Palmsondag

Die Bybelse weergawe van Palmsondag kan gevind word in al vier Evangelies: Matteus 21: 1-11; Markus 11: 1-11; Lukas 19: 28-38; en Johannes 12: 12-19. (Bron: <https://af.eferrit.com>)

## Gebed vir Lydenstyd – 'n gebed vir sondebelydenis en vergifnis



Hemelse Vader, ons het 'n Verlosser nodig;  
ons het lemand nodig om ons van ons sonde skoon te was;  
ons het foute gemaak;  
ons was opstandig, ons het gegaan waar ons nie moes gaan nie;  
ons het goed gesê wat ons in daardie oomblik geweet het ons nie moet nie;  
ons het dit probeer wegsteek; dit probeer onderdruk.  
Ons is moeg speletjies gespeel; ons wil ons skuld bely;  
ons het 'n Verlosser nodig, want ons is sondaars.  
Ons bely teenoor U dat ons u genade nodig het.  
Ons kan onself nie red nie, ons kan nie goed genoeg wees om onself te red nie.  
Ons vertrou U om te wees wat ons nie vir onself kan wees nie.  
Here, laat u reiniging diep gaan; en laat ons die vreugde ervaar van vergifnis.  
En wanneer ons vyand ons later weer wil aankla,  
sal ons saam met U verklaar dat ons vergewe is en ons aanklaer stil maak,  
want u genade is genoeg.  
Here, maak van my 'n pelgrim in hierdie 40 dae.  
Dissiplineer my, sodat ek al hoe meer die hart van 'n dienskneq sal hê.  
Laat hierdie geestelike tyd vir my lei tot 'n geestelike feestyd  
en 'n tyd van geestelike verdieping.  
Suiwer my in hierdie tyd van selfsug en bekommernis,  
sodat ek U en ander voluit kan dien.  
Ons bewonder U, o Christus, en eer U,  
want U het ons kom red.



*Geure uit die Bybel*



# Geure uit die Bybel

Anna Labuschagne

In Franschhoek by die [Hugenotemonument](#) is daar 'n [Parfuummuseum](#). Hier hang nie net die geure van hedendaagse parfuumhuise soos Christian Dior, Versace en Fossil rond nie, maar hoor 'n mens ook die verhaal van parfume en hul houers deur al die eeue. Daar is ook stories van Cleopatra, Napoleon, sy Josephine en koningshuise.

Grotbewoners het vir honderde jare geurige hout- en plantmateriaal gebrand. Die eerste geskryfte oor geurige bestanddele dateer uit 4500 vC in China waar aromatiese produkte beskryf en gebruikte aangeteken is. Teen 3000 vC was die kuns om parfuum te maak al bekend in Egipte, en dit is verder ontwikkel en verfyn deur die Romeine en die Arabiere. Daar was selfs 'n reukkamer by Edfu in Egipte, met resepte vir salwe, reukolies en parfuum in hiërogliewe teen die mure.

Kyphi was 'n misterieuse wierook waarvoor ten minste 16 bestanddele gebruik is, soos mirre, *Sweet Rush* ('n grasagtige kruie), sipres, wyn, heuning, rosyne, hars en jenerbessie, wat saam fyngestamp is. Die resep is deur verskillende tempels aangepas. Elke aand is die Kyphi gebrand om die gode te behaag wanneer hulle hul tog na die onderwêreld aanpak, en om die songod Ra se veilige aankoms die volgende dag te verseker. Hulle het verstaan dat parfuum help om 'n harmonieuse balans tussen liggaam en siel te skep.

**Parfuum** (Latyn: per *through* + fumus *smoke*) is 'n vloeistofmengsel van essensiële olies van aromatiese plante of speserye plus 'n oplosmiddel soos alkohol plus 'n fikseermiddel. Die Franse het die naam *parfum* gegee aan die aangename geure wat verkry is deur wierook te verbrand.

**Wierook** is geurige mengsels van organiese materiaal, hars of speserye wat gemeng, fyngemaak en gebrand word.

**Mirre** is 'n klein bosagtige boom wat in antieke tye in die Arabiese Skiereiland verbou is. 'n Griekse legende lui dat die trane van Myrrha, dogter van die koning van Siprus, in die struik verander het. Daar word 'n klein snit in die bas gemaak waar die gomhars lek. Die gomhars word vir ongeveer drie maande gestoor totdat dit in geurige bolle verhard. Dit kan rou gebruik word of fyngemaak en met olie gemeng word vir parfuum. *Murr* kom van die Arabiese woord vir *bitter*, ook genoem *Bdellium*. Volgens oorlewering het Nikodemus 100 pond mirre en aalwyn gebruik om Jesus se liggaam te salf.

Daar word soms na **frankincense** of **olibanum** verwys as **ware wierook**. Soos met mirre, word stukkie van die *Boswellia carterii*-boom ingekeep. Die boom skei 'n wit stof af om te voorkom dat dit uitdroog. Na tien dae word dit vir 'n tweede en derde keer verwyder, totdat daar 'n geelbruin aromatiese gomhars bloei en verhard. Die bome kom natuurlik voor op die berghange in Somalië en is uitsluitlik gebrand vir die aromatiese eienskap met die oog op godsdienslike en kosmetiese gebruikte.

**Nardus** is ook bekend as *Spikenard* of *muskus* en is 'n bolplant wat in die Himalaja van China, Indië en Nepal voorkom. Dit groei tot een meter hoog met pienk, klokvormige blomme. Die risome word fyngemaak en gedistilleer vir 'n intens aromatiese amberkleurige olie.

## Bybelverwysings uit die 1983-vertaling

*Die skoonheidsbehandeling waaraan die meisies hulle volgens die gebruik moes onderwerp, het twaalf maande lank geduur: behandeling met mirre-olie vir ses maande, en met lekkerruikkruid en ander skoonheidsmiddels ses maande. (Est 2: 12)*

*Terwyl Hy aan tafel was, het daar 'n vrou gekom met 'n albaste fles egte, baie duur nardusolie. Sy het die fles oopgebreek en die inhoud daarvan op sy kop uitgiet. Hierdie reukolie kon vir meer as drie honderd silwermuntstukke*





# Geure uit die Bybel

Vervolg

verkoop ... het. (Mark 14: 3, 5)

Toe sê Jesus: "Laat staan haar. Sy moes dit hou vir hierdie dag om My te salf vir my begrafnis." (Joh 12: 7)

Die soldate het toe 'n spons vol suur wyn op 'n hisoptakkie gesit en dit teen sy mond gehou. (Joh 19: 29)

Die Here het verder vir Moses gesê: "Vat die volgende geurige speserye in gelyke hoeveelhede: hars, naeltjies, galbanum en suiwer wierook. Berei dit as wierookoffer. Meng dit soos 'n vakman dit doen. Dit moet gesout wees, rein en gewyd. Vryf dit fyn tot 'n poeier en sit daarvan neer voor die getuienis in die tent van ontmoeting waar Ek jou sal ontmoet." (Eks 30: 34-36)

Hulle het in die huis ingegaan en die Kindjie saam met Maria, sy moeder, gesien, en hulle het gekniel en ... hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre. (Matt 2: 11)

**Levitikus en Numeri** verwys vele kere na die **hisop** as deel van reinigingsrituele met betrekking tot skurfsiekte, skimmel aan klere, swamme in 'n huis, swelsels, uitslag, sere wat onrein maak en waar daar sterfte was.

In **Eksodus 12: 22** moes die volk die bloed van die offerlam aan die deurkosyne smeer met 'n hisoptakkie.

In **Hooglied** vloei die geure soos strome water vanaf die Libanon: mirre, hennablomme, affodille van Saron, lelies van die laagtes, nardus, saffraan, kalmoes, appels, rosyntjies, kaneel, aalwyn, heuningstroop, wierook en al die lekkerruikkruie in die handel.

Mag ons almal die geure van God elke dag versprei!



*NHSV Dorstrand: Daar is hoop!*





# NHSV Dorstrand: Daar is hoop!

Susan Janse van Rensburg, Streekvoorsitter: Dorstrand



**Bo: Al die NHSV dames wat by die ringsvergadering was.**

**Onder: Susan Janse van Rensburg, ds Milankie van der Walt, Lelanie Dykema (met Elissa) en Tessa Oberholzer.**



**Op albei foto's hierbo is die ou banier van die NHSV van Suidwes-Afrika. Die banier dateer uit die jare voor Namibië onafhanklik geword het.**

Die gemeentes en lidmate in Namibië het 'n eiesoortige karakter. Dorpe is letterlik honderde kilometer uitmekaar en selfs die grootste dorpe en stede het 'n plattelandse gevoel. Elke persoon wat Namibië besoek, kan getuig van die vriendelikheid en gasvryheid van die land se mense.

Hervormde gemeentes in Namibië is voortdurend besig om aan te pas by omstandighede en eise van 'n uitgestrekte land. Daar is byvoorbeeld al kerk gehou in stasiegeboue, Voortrekkersale en selfs die hotel, waar tafels en stoele reggeskuif is sodat vyf mense Nagmaal kan gebruik. 'n "Stoel-op-tafel" gemaakte preekstoel is geprakseer vir die predikant, wat 'n volwaardige erediens vir 'n handjievul mense gehou het.

In dorpe waar voorheen in skoolsale kerk gehou is, staan nou Hervormde kerkgeboue. Om deel te wees van die kerk in hierdie land is 'n wonderlike ervaring.

Die afgelope twee jaar se vreesaanjaende pandemie het in Namibië sy tol geëis en die Hervormers is ook nie hierdie trauma gespaar nie. Asof die emosionele skok nie genoeg is nie, het die ekonomie ook in die slag gebly waar besighede, skole en kerke nie kon funksioneer nie. Nuwe strategieë en planne in die gemeenskap en ook in die Kerk is gemaak om die skok-, verlies- en traumaspoor van Covid-19 te verwerk.

Op 1 en 2 April 2022 het bykans 30 afgevaardigdes vanuit alle uithoeke van Namibië die vergadering van die ring van Dorstrand in Windhoek bygewoon. Die Kommissie van die AKV en die ADV is ook verteenwoordig. Die vergadering het veral oor nuwe strategieë en planne vir die toekoms besin.







Die agt gemeentes se predikante, ouderlinge, diakens en NHSV dames het koppe bymekaar gesit met planne om nuwe hoop vir die gemeentes in Namibië te gee. 'n Voorstel van 'n diaken van Kamanjab is aanvaar, wat vir die NHSV in die streek van Dorstrand groot potensiaal inhou. Die nuutverkose Ringskommissie beplan om visitasie af te lê by al die gemeentes in Namibië. Die voorstel lui dat 'n NHSV bestuurslid gekoöpteer word om tydens visitasie die Ringskommissie te vergesel om die vrouelidmate te motiveer en te bemoedig. Hierdie nuwe platform maak direkte kontak moontlik tussen NHSV takke, die NHSV streeksbestuur en die Ringskommissie. Die NHSV takke sien baie uit na hierdie visitasies.

Die ring van Dorstrand is voortdurend besig met planne en strategieë om die strukture van die Hervormde Kerk in Namibië te bevestig en te versterk. Met hierdie lewendige ringsvergadering het ons weer eens gesien daar is hoop – ook vir die Hervormde Kerk. Dit is ook duidelik dat, soos ds Leon Janse van Rensburg altyd sê: *Ons dink ons maak die planne, maar dan kom ons agter dat die liewe Heer alreeds daar is.*

## Medewerkers aan hierdie uitgawe:

Ds Hannelie Botha (redakteur), ds Janine Bevollo-Manders, Anna Labuschagne, Susan Janse van Rensburg  
Taalversorging: Tessa Oppermann

Foto's vanaf [www.Pixabay.com](http://www.Pixabay.com) tensy anders vermeld. Ander grafika van [www.flaticon.com](http://www.flaticon.com)  
Indien jy nie meer Die Christelike Vrou wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na [admin@nhsv.org.za](mailto:admin@nhsv.org.za)

 <a href="http://www.nhsv.org.za">www.nhsv.org.za</a>	 Posbus 111, Worcester 6849	 <a href="mailto:diechristelikevrou@gmail.com">diechristelikevrou@gmail.com</a>
 <a href="https://www.instagram.com/diechristelike">diechristelike</a>	 <a href="https://www.facebook.com/ChristelikeVrou">Christelike Vrou</a>	 082 923 9439

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van Die Christelike Vrou se redaksie of die NHSV nie.